# SEUNS VAN GOD (MAN CHILD)

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)

Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

## Tema: GEESTESKINDERS VAN DIE VADER

Die skrifture gebruik hierdie terme op twee maniere.

- In een sin is ons almal letterlike geesteskinders van ons Hemelse Vader.
- In 'n ander sin is God se seuns en dogters diegene wat weer gebore is deur die Versoening van Christus.

**Joh 1:12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;**
**Joh 1:13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is**

**Joh 1:12 But as many as received him, to them gave he power to become the sons of God, *even* to them that believe on his name:**
**Joh 1:13 Which were born, not of blood, nor of the will of the flesh, nor of the will of man, but of God.**

**Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.**
**Rom 8:14 For as many as are led by the Spirit of God, they are the sons of God.**

-o0o-

### Graag wil ek verduidelik soos wat die Here aan my geopenbaar het:

Die Bruid is slegs 'n klein groepie mense, net 'n ribbebeen groot.

- Die Messias (Jesus Christus) is gebore uit die liefdesverhouding (liefdesverbond) tussen God die Vader en Israel. Ons het daardie geskenk aangeneem Hy het ons Here geword.

- Toe het die Messias (Jesus Christus) vir Hom 'n Bruid deur die Heilige Gees uitgesoek. Die Bruid in Sy liefde bring weer die seuns van God (Messiaskind) voort. Volgens Romeine 8 is dit die seuns van God wat dan die hele skepping sal vry maak.
    - Die seuns van God word verwek uit die liefdes verhouding tussen die Messias en die Bruid. Romeine 8 en Openbaring 12.
    - Die kind wat voortspruit is die **Messiaskind** (moet nie verwar met Messias, Jesus nie), of te wel die **geesteskinders** van Vader. In die Engelse Bybel word hulle genoem **'sons of God'**.
    - Wanneer satan die Bruid vervolg, sal hierdie seuns (kinders) van God (Men Child) die groot werke doen, omrede hulle in die bo natuurlike krag (super natural) werke sal funksioneer.

-o0o-

### 1. OM IN VERHOUDING MET VADER TE STAAN

**Ex 16:4 Toe sê die HERE vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie.**
**Ex 16:5 En op die sesde dag, as hulle berei wat hulle inbring, sal dit dubbel soveel wees as wat hulle daagliks insamel.**

**Num 11:4 En die gemengde bevolking wat onder hulle was, is met lus bevang. Toe het die kinders van Israel ook weer geween en gesê: 'Wie sal vir ons vleis gee om om te eet?**

**Num 11:32 Toe het die volk opgestaan daardie hele dag en die hele nag en die hele volgende dag en die kwartels versamel. Hy wat die minste gehad het, het tien homer versamel. En hulle het dit oral vir hulle uitgesprei rondom die laer.**
**Num 11:33 Die vleis was nog tussen hulle tande, voordat dit gekou was, toe die toorn van die**

-o0o-

**HERE alreeds teen die volk ontvlam het, en die HERE het onder die volk 'n baie groot slagting teweeggebring.**

## 1.1 KEUSE

Die mens het gekies om uit die heerlikheid van Elohim, God Almagtig, die Skepper (Creator), van alles weg te beweeg. Die mens se keuse was om buitekant, in vlees en sonde, in die strukture van die aarde vasgevang te word.

**God se Verbondsnaam**

God het nie net vir ons Elohim gebly nie, want Hy het met Sy bloed 'n verbond met ons aangegaan, daarom is Hy ook Jehova. Jehova is God se Verbondsnaam.

**Christus Jesus het die Woord geword**.

- Hy het vlees geword om die verhouding tussen die Vader en ons te herstel.
- Hy is die eersgeborene.
- Hy het die moederskoot geopen.

Die Bybel sê in Hebreërs, dat toe Christus Jesus gesterf het, Hy ingegaan het in die Allerheiligste. Hy het deur die voorhangsel gegaan om vir ons die geboorte kanaal oop te maak. **Hy het vir ons die verbond (covenant) oop gemaak, sodat ons net kan volg**.

*Heb 9:11 Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie,*
*Heb 9:12 ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring.*

*Heb 10:19 Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus*
*Heb 10:20 op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees,*

## 1.2 BLOEDLYN BESKERMING

**Joshua 2:18 Kyk, as ons die land inkom, moet jy hierdie gedraaide rooi lyn waarmee jy ons laat afsak het, aan die venster vasbind, en jy moet jou vader en moeder en jou broers en jou hele hele familie by jou die huis versamel**
**Joshua 2:19 Elkeen wat dan uit die deure van jou huis buitentoe gaan, dié se bloed sal op sy hoof wees, en ons onskuldig; maar elkeen wat by jou in die huis sal wees, die se bloed sal op ons hoof wees, ingeval 'n hand teen hom is.**

Ragab het geen ander heenkome gehad behalwe om die 2 verspieders se woord en eed te vertrou. Sy moes die rooi lyn uitgooi en aan die venster vasbind. Met die *gedraaide rooi lyn* het die verspieders 'n ooreenkoms met haar gemaak dat almal binne in haar huis beskerm sou word.

- Die **rooi lyn** is simboliek aan Sy bloedlyn, die verbond (covenant) en almal wat Hy ingebring het vir die Vader in verhouding met Hom.
- Die **2 verspieders** is simbolies aan die Woord en Heilige Gees. Woord en Heilige Gees beweeg altyd saam.
- **Ragab**, die hoer verteenwoordig die mense wat in sonde vasgevang en in sonde gebore is.
- Die **mense** word dan gered as gevolg van die rooi lyn, die bloedlyn as gevolg van die bloed van Christus Jesus. (Matt 1:5)

In vandag se huidige omstandighede met die Covid wat deur die wêreld swiep moet ons op Sy Woord en die Heilige Gees vertrou. Wees verseker van ons gebede vir julle. In Christus Jesus is ons hulp en sterkte. Spreek die woord: *Ex 15:2 Die HERE is my krag en my psalm, en Hy het my tot heil geword. Hy is my God, Hom sal ek roem; die God van my vader, Hom sal ek verhef.* Kom ons ondersteun mekaar.

## 1.3 TOETS

**Ex 16:4 Toe sê die HERE vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie.**

- Die brood wat uit die hemel neergelaat is, is Christus Jesus, die Woord wat Vlees geword het.

-o0o-

- Hy is die koringkorrel wat die Vader in hierdie aarde gesaai het, sodat die aarde dit kon ontvang.
- Dit is toegemaak in die graf van wedergeboorte, sodat die opstanding kon plaasvind.
- Ek en jy is die oes wat die koringkorrel opgelewer het. Dit is waarom Jesus gesê het dat 'n koringkorrel nie kan sterf as dit nie in die grond geval het nie. *Joh 12:24 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug.*

## 1.4 **WAT BETEKEN DIE WOORD UITGAAN HIER?**

**Ex 16:4 ...... dan kan die volk uitgaan**

- Dit beteken om uit die gebondenheid van hierdie wêreld te gaan.
- Om uit sonde uit te gaan, is 'n daaglikse groeiproses.
- Elke dag is ek en jy veronderstel om ons manna te gaan neem en dit deel te maak van ons lewe.

Iemand het my gevra "Hoe sterf mens in die vlees?"

- Ons doen dit deur sonde neer te lê.
  *Gestel iemand het 'n probleem, byvoorbeeld, dat hy 'n vuil taal gebruik. Hy kan miskien 'n kind van die Here wees, maar hy het nog die dinge van die wêreld in hom en hy is geneig om vuil taal te gebruik*.
  - Dit is vlees wat bevredig en verheerlik wil word, daarom moet hy begin om daaraan te werk en dit neer te lê.
  - Hy moet die Here vra om hom te help om van daardie vlees ontslae te raak.

*As iets neergelê word, kom daar 'n leemte wat gevul moet word*. Dit word dadelik gevul met 'n ander boosheid, sodra dit nie gevul word met dit wat die Here gee nie. Daardie leemte moet dus met manna, die Brood van die Lewe, gevul word. Die vlees moet neergelê word, maar slegs die Gees van God kan help om oorwinning daaroor te kry.

Dit is belangrik dat ons elke dag ons manna moet optel, want kyk mooi wat sê die Bybel verder *sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie. Ex 16:4*

**Hier is die sleutel**. Die manna wat ons vandag geneem het, *is 'n betroubare woord en werd om ten volle aangeneem te word (1 Tim 1:15).*

- As ons daardie manna aangeneem het, kan God ons môre beproef op dit en kyk of dit werklik deel van ons lewe is.
- Het ons die swakheid van die vlees neergelê?
- Kan ons dit wat God ons beveel het onderhou? As dit nie deel van ons lewe is nie, gaan ons daardie proses oor en oor moet skryf. So word ons hele lewe deur die Heilige Gees herstel.

Ons het geestelike vaders en geestelike moeders nodig om vir ons te help om op die regte pad te kan wandel. Hy of sy stap saam met ons 'n pad, soos wat Jesus 'n pad met Sy dissipels in 3 ½ jaar gestap het, sodat ons kan weet hoe dit veronderstel is om gedoen te word.

## 1.5 **BEGEERTES**

**Num 11:4 En die gemengde bevolking wat onder hulle was, is met lus bevang. Toe het die kinders van Israel ook weer geween en gesê: 'Wie sal vir ons vleis gee om om te eet?**

In hierdie Skrif sien ons dat God vir die volk manna, die brood van die lewe gegee het. Hulle was egter nie tevrede nie. Hulle het gesmag na vlees, na dit wat die vlees kan bevredig. Die ander volke, die duisternis en wêreldse dinge, het die mensdom, die Christendom, so laat smag na vlees, dat hulle God begin smeek het daarvoor.

**Num 11:32 Toe het die volk opgestaan daardie hele dag en die hele nag en die hele volgende dag en die kwartels versamel. Hy wat die minste gehad het, het tien homer versamel. En hulle het dit oral vir hulle uitgesprei rondom die laer.**

God het hul hartsbegeertes vir hulle gegee. Daardie hartsbegeertes het hulle egter veroordeel. Kyk net die vraatsugtigheid na die vlees! Die een wat die minste gehad het, het 'n ton (Nuwe Vertaling) vleis gehad. **(1 ton = 1 000kg).** Hoe hanteer een mens 'n ton vleis? Dit is presies wat vandag ook gebeur. Dag en nag jaag mense wêreldse dinge na om die vlees te bevredig. *En hulle het dit oral vir hulle uitgesprei rondom die laer.* Daar was soveel gewees dat hulle dit nie meer kon hanteer nie.

-o0o-

### 1.6 OORDEEL

**Num 11:33 Die vleis was nog tussen hulle tande, voordat dit gekou was, toe die toorn van die HERE alreeds teen die volk ontvlam het, en die HERE het onder die volk 'n baie groot slagting teweeggebring.**

Dit is verskriklike woorde wat in hierdie Skrif staan. Hier het die toorn van die Here (Verbondsnaam vir God) opgevlam teen hulle. Die Here, Jehova (nie Elohim) *het onder die volk 'n baie groot slagting teweeggebring.*

Ons kan nie op die vlees bou nie. Die vlees is ons grootste vyand. Dit is die vlees wat ons vernietig en skei van Hom. Die mense smag na wat die wêreld daar buite op hulle implementeer, in plaas daarvan om hulle deur die Gees van God te laat lei. Die geesteskinders van Vader is egter uitverkoop (toegewy) aan God en word net gevoed deur die Brood van die lewe, Christus Jesus. Volgens Openbaring 12 sal die seuns van God uit die Bruid kom.

-o0o-

## 2. OM BRUID TE WORD

### 2.1 GROEI

Vir 'n kind van God om eendag Bruid te wees, is 'n geestelike groeiproses.

Ons is nie sommer net Bruid nie, want geen kind word gebore as Bruid nie. Ons moet bygestaan word deur 'n geestelike vader of 'n geestelike moeder in 'n geestelike huis, sodat die gawes in ons ontwikkel kan word. Dit is net 'n volwasse vrou wat saad kan ontvang en net 'n volwasse vrou wat kan lewe gee. As 'n mens in 'n kind of babatjie stadium is, kan jy nie baar nie, dit is wet. Die persoonlikheid wat God in ons implementeer, moet ontwikkel word, totdat ons eendag tot volwassenheid kom. *(Sien lesing: Spieëlbeeld van die Vader - Heb 5:8-14)*

**Om bruid te word, gaan 'n wedergebore kind van God deur drie fases:**

#### 2.1.1 GILGAL (Josua 5)

- By Gilgal ontvang ons die Woord vanaf ons geestelike leier. Dit is nie net 'n kwessie van kerk toe gaan en terugkom huis toe nie. Dit word 'n lewenswyse.
- Dit is die plek van **koring** waar ons gevoed en geestelik versorg word.
- Gilgal is die plek waar ons rustig sit, gerig en geleer word; net ontvang en geestelik begin groei.
- Die Woord word aan ons gegee deur iemand wat die saad dra. *(Sien lesing Die Brooddraer)*
- Dit is mense wie deur die Gees van God gelei, geleer, onderrig en opgevoed word in die wil van die Vader om die koninkryk van God uit te brei, die liggaam van Christus op te bou en sodoende Vader te verheerlik.
  - Die geestelike leier vat jou deur die Jordaan die eerste keer, leer jou om te bid, leer jou om Bybelstudie te hou, leer jou om huisgodsdiens te hou, ens. Jy het die Woord en alles.
  - Hy is die persoon wie jou doop, hy is reg, jy is in die kerk en dit gaan goed. Dit is waar die meeste geestelike leiers en kinders van God sit. Hulle sit vandag nog by Gilgal. Hulle dink dit is die plek. Dit is egter nie die plek nie.
    - Daar is soveel meer vorentoe !
    - Daar is gawes in die mens om te vervul.
    - Mense verkeer onder die indruk dat as jy kerk toe gaan, is jy gelukkig maar stagneer in die kerk. Jy doen Bybelstudie, jy leer jou kinders van die Here, jy leer hulle om te bid, Bybel te lees en aand gebedjies op te sê en al hierdie dinge, dan is jy reg. Nee, glad nie. Dit is net die begin van jou geestelike groei !!

#### 2.1.2 BET-EL (2 Konings 2)

Wanneer ons Gilgal verbygegaan het, soos Elia en Elisa gestap het, kom ons by Bet-el.

- Bet-el is die plek waar ons onsself neerlê en sterf in die vlees.
- Dit is ook die plek waar die profete die geestelike seuns ontvang sodat die gawes (gifts) onder toesig begin funksioneer.
- Daarom is dit belangrik dat 'n geestelike vader of moeder, met alreeds klaar ontwikkelde gawes toesig oor ons hou, want jy kan nie iemand anders iets meer leer as dit wat jy nie weet nie.
  - Jy kan slegs uitgee wat jy alreeds ontvang het, naamlik dit wat vrug dra in jou lewe.
  - Die vrug verheerlik die Vader, maar die saad van daardie vrug, saai jy in iemand anders se lewe.

-o0o-

- Jy kan nie saad saai, waarvan jou lewe nie vrug dra nie. Jou lewe moet die vrug dra van dit wat die Here van jou gemaak het. Dit moet altyd wees tot Sy verheerliking

Die toesig is belangrik sodat ons nie net uithardloop, dinge gaan doen wat mense seermaak en waarskynlik onsself ook vernietig nie. Daar is soveel mense wat in hierdie lokval beland, want hulle wil nie vir die Here wag om hulle te bevorder nie. Hulle wil dit self gaan doen en beland in baie groot moeilikheid.

### 2.1.3 JERIGO

Sodra ons deur Bet-el gegaan het, kom ons by Jerigo. Jerigo is die plek van oorlogvoering. Hier word die jong manne opgelei as krygers om die oorlogvoering te beoefen. Dit is waar die kaptein Migael by Josua verskyn en sê dat hy die leërowerste van die Here is. (Josua 5:13)

❖ Onthou, die hele Bruid sal die seuns van God voortbring, maar almal sal nie die geesteskinders wees nie. Net hulle wat regtig uitverkoop (toegewyd) is en hulle wat bereid was om daardie pad te loop, sal dan verder aangaan en sal dan die geesteskinders word.

## 2.2 JORDAANRIVIER

Soos Josua en Kaleb die volk van Israel deur die Jordaan gevat het, *so kan 'n geestelike leier, wat reeds deur die Jordaan gegaan het, ook iemand deur die Jordaan help, om geestelik te ontwikkel*. 'n Persoon kan alleenlik iemand geestelik deur die Jordaan vat, as hy self deur die Jordaan gegaan het. Dit is 'n geweldige groot geestelike ervaring om deur die Jordaan gehelp te word.

Wat baie interessant is, is dat die Jordaanrivier drie keer gekloof (opgewel) het. Die Jordaan moet 3 maal gekruis word.

- Die **eerste** keer dat dit opgerys het, was met Josua en Kaleb waar hulle die volk deurgevat het. (Josua 3). Die volk is deur die Jordaan gelei deur 'n geestelike leier wat alreeds die Jordaan gekruis het, soos in die geval van Josua en Kaleb wat alreeds aan die ander kant was toe hulle as verspieders gegaan het. Hulle het terug gekom met die vrug van die land. Die vrug was die teken dat hulle aan die ander kant gewees het. Hulle het geweet waarvan hulle praat, dit was die vrug van hulle lewe.

- Die **tweede** keer het die Jordaan verdeel toe Elia en Elisa saam deurgegaan het (2 Kon 2), nadat daar 'n pad van beproewinge en volharding gekom het. Elisa het volhard om saam met Elia die pad na geestelike volwassenheid en geestelike vaderskap te loop. Elisa het geweet dat Elia alleen hom na daardie geestelike hoogtes kon neem. Alleen sou hy dit nie kon bereik nie en het Elia die geestelike vader nodig gehad om die geestelike hoogtes te bereik. **Daar is 'n duidelike verskil tussen 'n geestelike leier en 'n geestelike vader.** Elia was die geestelike vader wie Elisa die geestelike leerling-kind (student) deur die Jordaan geneem het. Elia, die geestelike vader het sy mantel opgerol en op die waters geslaan.

- Vir die **derde** keer het die waters opgedam, toe Elisa, die geestelike kind die mantel van Elia op die waters geslaan het, nadat Elia met die wa van vuur en perde weggeneem is (2 Kon 2). Elisa die geestelike student het teruggekeer met die dubbele porsie, met die mantel oor sy skouers. *Die mantel van Elia verteenwoordig die outoriteit in Christus Jesus, daarmee kon Elisa die Jordaan verdeel*.

Profeties moet die 3de verdeling van die Jordaan nog plaasvind.
Profeties het die geestelike Jordaan alreeds 2 maal verdeel, soos in die geval van:
i ) Die Jordaan
ii) Berg van Verheerliking, waar God die Vader self die proklamasie gemaak het "dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het" Matt 17:5

Ek glo die oomblik as die Messiaskind (seuns van God) gebore word, sal Christus met bonatuurlike krag, geestelik die Jordaan vir die 3de keer verdeel.

- Die Messiaskind (wat uit die liefdesverhouding tussen die Messias en die Bruid verwek is) word dan geopenbaar met die dubbele porsie op hom,
- Ons sal ons met 'n hoorbare stem, die wat geestelik kan hoor, Jesus Christus self hoor sê (nie God die Vader nie) "*dit is my geliefde seun in wie Ek 'n welbehae het*". Hy sal met 'n hoorbare stem uit die hemel praat, en ons wat in die Gees is, sal dit hoor. Jesus Christus het by die Vader gesien en geleer hoe word dit gedoen.
- Dan sal ons weet presies wie die seuns van God is (Men Child) wat in die bonatuurlike sal funksioneer.

-o0o-

- **<u>Elisa</u> is 'n tipe van die Christen-mens van die Bruid, die liggaam van Christus.**
- **<u>Elia</u> is 'n tipe van Christus**.

### 2.3 <u>DIE EERSTE 2 FASES MOET NOU FISIES, NA ELKE KIND VAN GOD SE BEKERING GEBEUR:</u>

2.3.1 **Daar moet 'n <u>pad geloop</u> word, saam met 'n geestelike leier wat alreeds aan die anderkant van die Jordaan was**:

- Dit gaan nie oor geleerdheid, kennis of 'n Bybelskool nie.
- Dit gaan oor ondervindinge in die Gees, opleiding in die Gees soos die dissipels deur Christus Jesus opgelei is in die Gees.
- Dit handel oor openbaringskennis van God se Gees. *Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God*

2.3.2 **Dit is opgroei in die Gees; 'n Binnekamer verhouding.**

Die 2de keer is wanneer daar 'n <u>konneksie</u> is, die fetus word gevorm in die binnekamer verhouding.

- Die fetus verskyn na die geboorte,
- Die geestelike kind neem die persoonlikheid aan wat ons in Christus Jesus is, en
- Die kind moet nou geestelike vaders en moeders kry soos in Eseg. 16. God het Israel onder die persoonlike opvoeding en verhouding van 'n geestelike vader en geestelike moeder geplaas om te ontwikkel, welke geestelike ouer alles in die leerling (student), die jong Christen wat in sy hande geplaas word, belê het.

Dit is egter hartseer dat die kerk steeds in die bo-vertrek stagneer. Die kerk sit vandag nog in die bo-vertrek en beroof die kind van God van soveel geestelike dinge en gawes wat nooit ontwikkel of kans gegun word om geestelik op te groei en in 'n persoonlike verhouding met God te wandel nie.

### 2.4 <u>DIT IS WAAROM DAAR 'N GEESTELIKE HUIS IS</u>

**In 'n Geestelike huis word ons toegelaat om onder toesig te bedien.**

- Die geestelike vader se plig is om die geestelike kind deur die betrokke simboliese stadiums van **Gilgal, Bethel** en **Jerigo** te neem. *Hulle kan nie deur die Jordaan uitkom alvorens die stadiums van Gilgal, Bethel en Jerigo deur gegaan het nie.* Dan eers kan hulle inkom.
- Daar is beproewinge, toetse dwarsdeur die lewenspad. Die wat volhard tot die einde toe, hulle sal dan die seuns van God (man child) word. Matt 10:22 En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.
- Die geesteskinders (Messiaskind) word gebore hier op aarde uit die liefdesverhouding tussen die Bruidegom en die Bruid.
- Die Bruid skenk geboorte aan die seuns van God (Messiaskind) volgens Openbaring 12.
- Die seuns van God wat dan met die dubbele porsie terugkeer op hierdie aarde sal in die bonatuurlike krag van God funksioneer, in 'n geestelike area waar die duiwel nie sal kan bykom nie. Die Bybel praat van die kind wat weggeruk is in die hemele – hierdie aksie is eintlik 'n bonatuurlike plek waar die duiwel sal nie kan bykom nie. In die bonatuurlike krag van God sal die fisiese elemente van hierdie aarde geen effek hê nie en die duiwel nie sy hand kan lê nie.

-o0o-

## 3. <u>VOLWASSENHEID</u>

Sodra ons 'n posisie van volwassenheid in die verbond met die Vader bereik het, sal ons in 'n verhouding staan met Jehova, Christus Jesus, ons Here en dan word ons Sy Bruid.

- Onthou 'n Bruid is eers 'n Bruid die oomblik wanneer sy die liefde aanvaar en sy "ja" sê vir die verbond (covenant).
- Die Bruid is daar om te <u>funksioneer</u> en nie om haarself mooi te maak nie.

Die Bybel verduidelik dat ons in hemelse plekke saam met Christus sal sit en funksioneer. (Efe 2:6). Ons sal in hierdie wêreld wees, maar ons sal nie van hierdie wêreld wees nie (Efe 2:19). Ons sal daar lewe, maar aarde toe funksioneer, terwyl die aarde die voetbank van Sy voete is (Mark 12:36). Dit is hier waar ons dan siele vir Hom sal wen om hulle ook soos ons in 'n verbond te bring.
(Lesing: Voorheen Dood, nou Lewend Efe 2:1-10)

-o0o-

Die dubbele porsie behoort aan die Eersgeborene en dit is Christus Jesus self. Niemand het nog die geestelike dubbele porsie ontvang nie, **want die dubbele porsie is nie om <u>nou</u> te funksioneer nie. Dit gaan eers gebeur wanneer die Messiaskind gebore word**. Dit sal met die openbaarmaking van die seuns wees, wat die skepping sal vrymaak (Rom 8:19). Die *Messiaskind*, wat 'n tipe van Christus is, sal funksioneer in die tyd wanneer dit nodig gaan wees om die skepping vry te maak. (Romein 8)

Daar is drie keer in die Bybel geskryf dat die Vader gesê het *Dit is my geliefde seun in wie Ek 'n welbehae het*.

- Die **eerste** keer was dit in die Jordaan (tydens Jesus se doop (Matt 3:17),
- die **tweede** keer was dit op die berg van Verheerliking (Mark 9:7)
- Die **derde** keer sal 'n geestelike deurgang van die Jordaan wees. Dit is die plek om met bonatuurlike krag van God te kan funksioneer in die geestelike realm, die 2de hemel, om daar groter werke te kan doen. Dit is wanneer hulle deur die Jordaan gaan met die dubbel porsie wanneer Christus Jesus self (Nie God die Vader), die verklaring sal maak oor die seuns van God "dit is my geliefde seun in wie Ek 'n welbehae het. Alles wat die Vader in Christus geïmplementeer het, het Christus aangeneem. Hy is die refleksie van die Vader, daarom doen Hy presies soos wat die Vader vir Hom wys om te doen. So het die Vader dan vir Hom die voorbeeld gestel van "*dit is my geliefde seun in wie Ek 'n welbehae het*". *(Sien lesing: Spieëlbeeld van die Vader – Heb 5:8-14)*

-o0o-

## 4. <u>MESSIAS-KIND</u>

Dit is nie net sommer enige Jan rap en sy maat wat *seuns van God* word nie.

- Dit is net hulle wat regtig bereid is om die pad te volg en die versoekinge en beproewinge deur te gaan.
- Dit is hulle wat deur die ontwikkeling gaan om regtig die pad te loop wat Christus vir hulle oopgemaak het. Deur vas te hou aan die waar en waaragtige evangelie en deur die geboortekanaal te gaan wat Christus vir hulle oop gemaak het, kan hulle dan in Sy heerlikheid kom in 'n verhouding met Hom.
- Hulle wat deur al hierdie dinge staande bly, soos wat Christus Jesus staande gebly het en volhard het tot die einde toe, sal die *geesteskind* voortbring.

Dit is 'n klein groepie mense. Ek glo hierdie is die <u>oorblyfsel</u>. Die Bruid kan ook oorblyfsel wees, ek kan verkeerd wees daar, maar die feit bly staan dat die *seuns van God* uit die Bruid gebore gaan word. Dit is die saad van die Bruidegom wat in die Bruid geïmplementeer word. Die Bruid ontvang dit om die vrug van die liefde tussen Bruid en Bruidegom voort te bring.

Ek glo dit gaan die seuns van God wees wat die groter werke gaan doen. Hy sal deur die kanaal gaan en dan sal Hy die derde keer deur die Jordaan gaan. Ek glo, omdat Jesus Christus dit alreeds by die Vader gesien het, sal Hy dan ook 'n proklamasie maak en sê "*Dit is my geliefde seun in wie ek 'n welbehae het*". Dan sal Hy vir die seuns van God beveel om die skepping te gaan vry maak. Dit is wanneer die Messias-kind *(NIE Jesus nie)* sal opstaan en groter werke sal doen om die ganse skepping vry te maak volgens Romeine 8.

Hierdie is 'n fenomenale openbaring. Mense dit gaan 'n geweldige prys kos om tot daar by die *seuns van God* te kom. Dit gaan alles kos. Dit gaan regtig die laaste ding kos. Jy sien dit is waarom ons nie meer teruggehou kan word met iets anders nie. Dit begin daarby dat ons ons manna elke dag moet optel. Ons word dan beproef en getoets om te kyk of ons volhard het en of ons dit deel van ons lewe gemaak het of nie.

- Het ons nog 'n soeke binne ons na iets anders daarbuite, of soek ons 'n volkome en volwasse verhouding met Christus Jesus, die Hemelse Bruidegom?
- Is ons regtig bereid om gelei te word in Sy heerlikheid?
- Is ons regtig bereid om die prys te betaal?

Jy sien as jy iets neerlê moet die Woord, daardie leemte vul. As die Woord dit nie vul nie sal iets anders dit vul, wat dit net erger gaan maak. Dit is net jy wat kan bepaal of jy dit anderkant gaan maak of nie. Gaan jy deel van die *seuns van God* word of gaan jy nie deel van die *geesteskinders* word nie.

Ek glo in my hart dat die dag gaan kom dat die Here ons uit ons gees gaan vat om in ander gedeeltes van die wêreld te funksioneer. Sê nou maar Hy plaas iemand voor 'n massiewe hospitaal, byvoorbeeld. iewers in Amerika. Die Here sê dan vir die persoon om sy hand uit te steek en in Sy naam genesing te proklameer (proclaim). Die persoon doen dit dan in gehoorsaamheid en die volgende oomblik is hy weer terug in sy kamer of in sy bed of stiltetyd. Die volgende dag kom die sjirurge en die dokters ingestap en hulle sien die mense is

genees. Hulle staan verstom, want bene wat gister afgesit is, het weer aangegroei. Waar vrouens borsoperasies gehad het, is alles weer normaal. Kankers is genees, almal is perfek en gesond en die laaste pasiënt word ontslaan.

Ek glo dit is die groter werke wat die Here vir ons met 'n bonatuurlike groter krag gaan gee en met 'n dubbele porsie, in die krag van God se Heerlikheid gaan laat funksioneer. Dit is die volheid van die Bruidegom, die volheid van Christus Jesus, die dubbele porsie wat Elia in Elisa, sy seun, geïmplementeer het. Kan julle dit nou begin sien? Dit gaan egter 'n prys kos, want om deur die Jordaan te gaan is nie maklik nie. Dit is 'n stap in 'n hoër outoriteit en 'n hoër gesag. Die Gees van God moet vir ons wys wanneer dit reg is om deur die Jordaan te gaan, want ons moet reg wees om dit wat aan die anderkant is te kan hanteer. Josua en Kaleb het die vrug van die land gedra, want die vrug van die land was hul getuienis. Dit is die vrug van die Gees. Net hulle wat reeds aan die anderkant was, weet waarvan hulle praat.

***Nota**: Josua en Kaleb was een van die 12 verspieders wat uitgestuur was om die land Kanaän (Num 12-15) te verken. Hulle het teruggekeer met vrugte van die land as bewys van die oorvloed wat op hulle wag. 10 verspieders het slegte gerugte onder die volk versprei dat die volk te gering was om die land in te neem. Slegs Josua en Kaleb was positief dat hulle die land in besit kon neem. Die ongeloof en opstandigheid van die volk teen Moses, Aäron en God het die gevolg gehad dat die volk moes omdraai, terug na die woestyn en vir 40 jaar rondswerf totdat die "ou" mense uitgesterf het en die "jong" mense in die woestyn opgegroei en volwassenheid bereik het. Josua en Kaleb was die enigste oorblywendes wie die beloofde land binne gegaan het. In opdrag van God, het Josua die leisels by Moses (Moses het ook gesterf) oorgeneem en die Israeliete het Jerigo wonderbaarlik verslaan en ingeneem.*

### 4.1 BRUILOF

- Ons is nog steeds besig is met die vervulling van die boek Handelinge, daarom is die boek Handelinge nog nie afgesluit nie.
- Eendag wanneer ons werk klaar is op hierdie aarde en die Bruid word weggeraap, sal ons voor die Vader kom en Hy sal dan die eenheid seën. Onthou, ons is dan reeds Bruid en in 'n verbond, maar die eenheid is nog nie deur die Vader geseën nie. Dit sal eers gebeur in die troonkamer, wanneer ons aan die bruilof tafels van die Lam sit. Die Vader sal Sy hande op ons lê en dan, net soos met die Joodse huwelik, die eenheid wettig verklaar.
- Die Bruid, wat die ribbebeen is, sal dan terug beweeg in die sy van Christus Jesus, waar Hy gesteek is met die spies tot in Sy hart, waar die water en die bloed uitgeloop het. **Die Gees, die water en die bloed is Sy getuienis op aarde.** (1 Joh 5:6)

Nadat die eenheid tussen Bruid en Bruidegom wettig verklaar is deur die Vader, sal Hy die eenheid seën en dan sal Hy die eenheid beveel om te gaan heers oor die ewigheid as 'n egpaar. Ons sal dan ons ewige loon ontvang. Hoe wonderlik gaan dit nie wees nie? Mense dit maak my verskriklik opgewonde as ek aan hierdie goed dink en aan die wonderlike tyd wat voorlê.

Ek dink ook aan mense soos Abraham, Henog, Moses en al daardie mense. Hulle gaan hulle loon kry, maar hulle sal nie die bruid wees nie. Die Bruid is net hulle wat in die verbond met Christus Jesus staan. Die Bruid is die vervulling van die verbond.

- Die verbond is vir ons gegee
- Ons neem die verbond aan
- Ons begin die verbond lewe
- Die Woord word 'n werklikheid in ons
- Ons is die Rhema woord. *(Betekenis van Rhema – Lesing God sal alle trane afvee)*

Mense ek kan nie vir julle vertel hoe opgewonde ek in my gees is oor hierdie goed nie. Dit is net vir my te groot om te verstaan. Dit is waarom ons dit maar net moet glo. Ek hoop ek het julle geseën.

-o0o-

## 5. 6de DAG – DUBBEL PORSIE

**Ex 16:5 En op die sesde dag, as hulle berei wat hulle inbring, sal dit dubbel soveel wees as wat hulle daagliks insamel.**

-o0o-

- Die dubbele porsie manna kan alleenlik gegee word deur Jehova.
- Dit gaan gebeur in die sesde dag. Ons moet een ding onthou, ons is nou in die sesde dag. **Ek glo ons is alreeds in die nag van die sesde dag**, want die 6000 jaar is reeds verby. Die sewende dag, die dag van rus, is die millennium tyd.

Onthou die Bruidegom kom om middernag, wanneer die wêreld pikswart en donker geword het. Dit is waarom Jesus gesê het ons moet werk, want die tyd kom, wanneer hierdie wêreld so gevul sal wees met die duisternis, dat ons nie meer sal kan werk nie. Dit is dan wanneer die wegraping sal plaasvind, maar eers moet die *seuns van God* kom.

- Vir elke persoon hang dit af van hoeveel manna hy opgetel het in sy verbond tyd en hoeveel in hom is.
- Dit hang af van wat ons opgebou het en dit wat ons toegelaat het om ons verhouding dieper en dieper in die verbond te neem.

## BEGIN VANDAG ONTWIKKEL

- Lê jou lewe neer.
- Verloën jouself en dra jou kruis.
- Spandeer meer tyd met die Here en bou daardie verhouding groter en groter op.
- Lê jou sondes, jou swakhede en jou tekortkominge neer, sodat die Woord jou kan vul.
- Verdra die toetse en die beproewinge waardeur jy moet gaan, sodat jy kan groei in volwassenheid en kinders kan baar, sodat Jehova se oordeel teenoor jou eendag goed kan wees.

**Die mense wie Sy volkome spieëlbeeld van diensknegskap weerkaats en 'n goeie getuienis het, sal dan die *Messias-kind* word.**

Ek glo julle verstaan dit. Mag die Here julle ryklik seën.

-o0o-

## INTERESSANTE INLIGTING

**How much is 10 homers of quail?**

They had some other birds in their study too but nowhere near as **many** other species as there were common **quails**. This number should be close enough. If we do a bit of math we see that **10 homers** are equal to about 220,000cm3, and at 0.98gm/cm3 that works out to about 1900 birds, weighing about 475 pounds.

### What is the size weight of quail?



The common quail is a small compact gallinaceous bird 16–18 cm (61⁄2–7 in) in length with a wingspan of 32–35 cm (121⁄2–14 in). The weight is 70 to 140 g (21⁄2 to 5 oz).

**How much meat do you get from a quail?**

Yields. Rarely will you find a quail weighing more than 5 ounces and once dressed these birds weigh, on average, 4 ounces. Obviously, some of that weight is bones, but it's likely fair to say you'll get 2-3 ounces of actual meat from each quail.27 Aug 2021



### What did manna look like?

It was small, round, thin like a flake, and white (see Exodus 16:14, 31). What did it taste like? "Like wafers made with honey" (Exodus 16:31) or like "fresh oil" (Numbers 11:8).

Manna **was the supernatural food God gave to the Israelites during their 40-year** wandering in the desert. The word manna means "What is it?"

How much manna did each person gather?

Exodus says each day one omer of manna was gathered per family member (about 3.64 liters) and may imply this was regardless of how much effort was put into gathering it.

-o0o-

Voedingkundiges is gaande oor dié wonderkos. Die manna is 'n volledig gebalanseerde en uiters veelsydige produk. Twee liter manna is genoeg om in 'n volwassene se voedselbehoefte vir 'n dag te voorsien. Die aangename heuningkoek smaak van die rou manna behoort selfs die suikertande tevrede te stel, en as dit gaargemaak is, smaak dit weer soos oliekoeke.

Die enigste groot nadeel is dat die manna 'n baie kort raklewe het – dit hou net 'n dag, of as dit gaar is, twee dae op die meeste. Daarna kry dit miet in en ruik baie sleg. Voedseltoksikoloë het gewaarsku dat die manna liefs nie te lank gehou moet word nie, want dit kan voedselvergiftiging veroorsaak.

-o0o-

## Lees gerus weer die verhaal

**Exodus 16:1** Toe hulle van Elim af wegtrek, het die hele vergadering van die kinders van Israel in die woestyn Sin gekom, wat tussen Elim en Sinai lê, op die vyftiende dag van die tweede maand ná hulle uittog uit Egipteland.

Exo 16:2 En die hele vergadering van die kinders van Israel het teen Moses en teen Aäron in die woestyn gemurmureer.

Exo 16:3 En die kinders van Israel het aan hulle gesê: Het ons maar in Egipteland deur die hand van die HERE gesterwe toe ons by die vleispotte gesit en volop brood geëet het! Want julle het ons in hierdie woestyn uitgelei om hierdie hele vergadering van honger te laat sterwe.



Exo 16:4 Toe sê die HERE vir Moses: Kyk, Ek sal vir julle brood uit die hemel laat reën; dan kan die volk uitgaan en die dagmaat van elke dag insamel, sodat Ek hulle kan beproef, of hulle in my wet sal wandel of nie.

Exo 16:5 En op die sesde dag, as hulle berei wat hulle inbring, sal dit dubbel soveel wees as wat hulle daagliks insamel.

Exo 16:6 Toe sê Moses en Aäron aan al die kinders van Israel: Vanaand, dan sal julle weet dat die HERE julle uit Egipteland uitgelei het.

Exo 16:7 En môre vroeg, dan sal julle die heerlikheid van die HERE sien, omdat Hy julle murmureringe teen die HERE gehoor het—want wat is ons, dat julle teen ons murmureer?

Exo 16:8 Daarop sê Moses: Dít sal gebeur as die HERE julle in die aand vleis gee om te eet en in die môre volop brood, omdat die HERE julle murmureringe hoor wat julle teen Hom murmureer. Want wat is ons? Julle murmureringe is nie teen ons nie, maar teen die HERE.

Exo 16:9 Verder het Moses met Aäron gespreek: Sê aan die hele vergadering van die kinders van Israel: Kom nader voor die aangesig van die HERE, want Hy het julle murmureringe gehoor.

Exo 16:10 En onderwyl Aäron die hele vergadering van die kinders van Israel toespreek, draai hulle na die woestyn toe en meteens verskyn die heerlikheid van die HERE in die wolk.

Exo 16:11 Ook het die HERE met Moses gespreek en gesê:

Exo 16:12 Ek het die murmureringe van die kinders van Israel gehoor; spreek met hulle en sê: Teen die aand sal julle vleis eet en in die môre met brood versadig word; en julle sal weet dat Ek die HERE julle God is.

Exo 16:13 En in die aand het daar kwartels opgekom en die laer oordek. En in die môre was daar 'n doulaag rondom die laer.

Exo 16:14 En nadat die doulaag opgetrek het, het daar oor die woestyn iets gelê wat fyn en korrelrig was, fyn soos ryp op die grond.

Exo 16:15 Toe die kinders van Israel dit sien, sê hulle vir mekaar: Wat is dit? Want hulle het nie geweet wat dit was nie. Daarop sê Moses vir hulle: Dit is die brood wat die HERE julle gee om te eet.

Exo 16:16 Dit is die saak wat die HERE beveel het: Samel daarvan in, elkeen na sy behoefte: 'n gomer vir elke persoon volgens julle sieletal; elkeen moet dit neem vir die wat in sy tent is.

Exo 16:17 En die kinders van Israel het so gedoen: hulle het ingesamel, die een baie en die ander min.

Exo 16:18 Maar toe hulle dit met die gomer meet, het hy wat baie ingesamel het, niks oorgehad nie; en hy wat min ingesamel het, nie te min nie. Elkeen na sy behoefte het hulle ingesamel.

Exo 16:19 En Moses het vir hulle gesê: Niemand moet daarvan laat oorbly tot môre toe nie.

Exo 16:20 Maar hulle het nie na Moses geluister nie: sommige het daarvan laat oorbly tot die môre toe. Toe kom daar wurms in en dit bederwe. Daarom het Moses baie kwaad geword vir hulle.

Exo 16:21 En hulle het dit môre vir môre ingesamel, elkeen na sy behoefte; en as die son warm word, smelt dit weg.

Exo 16:22 En op die sesde dag het hulle 'n dubbele porsie brood ingesamel, twee gomers vir elkeen. En al die owerstes van die vergadering het gekom en dit aan Moses vertel.

Exo 16:23 Toe sê hy vir hulle: Dit is wat die HERE gespreek het: Môre is dit rusdag, 'n heilige sabbat van die HERE.

-o0o-

Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die môre toe.

Exo 16:24 En hulle het dit gebêre tot die môre toe, soos Moses beveel het; en dit het nie bederwe nie, en daar het geen wurms in gekom nie.

Exo 16:25 Toe sê Moses: Eet dit vandag, want dit is vandag die sabbat van die HERE. Vandag sal julle dit nie in die veld kry nie.

Exo 16:26 Ses dae lank moet julle dit insamel, maar op die sewende dag is dit sabbat; dan sal dit daar nie wees nie.

Exo 16:27 En op die sewende dag het van die mense uitgegaan om in te samel, maar hulle het niks gekry nie.

Exo 16:28 Toe sê die HERE vir Moses: Hoe lank weier julle om my gebooie en my wette te onderhou?

Exo 16:29 Kyk, omdat die HERE julle die sabbat gegee het, daarom gee Hy julle op die sesde dag brood vir twee dae. Laat elkeen bly waar hy is; laat niemand op die sewende dag van sy woonplek af weggaan nie.

Exo 16:30 So het die volk dan op die sewende dag gerus.

Exo 16:31 En die huis van Israel het dit MAN genoem. En dit was wit soos koljandersaad, en dit het gesmaak soos heuningkoek.

---

Num 11:7 Die manna was soos koljandersaad, en dit het gelyk na balsemgom.

Num 11:8 Die volk het rondgeloop en dit versamel en in handmeule gemaal of in vysels gestamp, en hulle het dit in potte gekook en daarvan roosterkoeke gemaak. En die smaak daarvan was soos die smaak van oliekoeke.

Num 11:9 En as die dou snags op die laer val, het die manna ook daarop geval.




---

**Numeri 11:1** En die volk het hulle voor die ore van die HERE beklaag dat dit sleg gaan. En toe die HERE dit hoor, het sy toorn ontvlam, en die vuur van die HERE het onder hulle gebrand en het gewoed aan die kant van die laer.

Num 11:2 Toe het die volk na Moses geroep, en Moses het tot die HERE gebid; en die vuur het doodgegaan.

Num 11:3 Daarom het hulle die plek Tabéra genoem, omdat die vuur van die HERE onder hulle gebrand het.

Num 11:4 En die gemengde bevolking wat onder hulle was, is met lus bevang. Toe het die kinders van Israel ook weer geween en gesê: Wie sal vir ons vleis gee om te eet?

Num 11:5 Ons dink aan die visse wat ons in Egipte verniet kon eet, aan die komkommers en die waterlemoene en die prei en die uie en die knoffel.

Num 11:6 Maar nou is ons siel dor; daar's glad niks nie: net die manna is voor ons oë.

Num 11:7 Die manna was soos koljandersaad, en dit het gelyk na balsemgom.

Num 11:8 Die volk het rondgeloop en dit versamel en in handmeule gemaal of in vysels gestamp, en hulle het dit in potte gekook en daarvan roosterkoeke gemaak. En die smaak daarvan was soos die smaak van oliekoeke.

Num 11:9 En as die dou snags op die laer val, het die manna ook daarop geval.

Num 11:10 Toe het Moses die volk, volgens hulle geslagte, elkeen by die deur van sy tent hoor ween; en die toorn van die HERE het grootliks ontvlam; ook was dit verkeerd in die oë van Moses.

Num 11:11 En Moses sê aan die HERE: Waarom het U u kneg kwaad aangedoen en waarom het ek geen genade in u oë gevind nie, dat U die las van hierdie hele volk op my lê?

Num 11:12 Het ék hierdie hele volk dan ontvang? Of het ék hulle gebaar, dat U vir my sê: Dra hulle aan jou bors soos 'n oppasser die suigling dra, na die land wat U aan hulle vaders met 'n eed beloof het?

Num 11:13 Waarvandaan moet ek vleis kry om aan al hierdie volk te gee? Want hulle ween by my en sê: Gee vir ons vleis, dat ons kan eet.

Num 11:14 Ek alleen kan hierdie hele volk nie dra nie, want dit is vir my te swaar.

Num 11:15 En as U so met my wil handel, slaan my dan maar liewer dood as ek genade in u oë gevind het, en laat ek my ongeluk nie aansien nie.

Num 11:16 Toe sê die HERE aan Moses: Bring vir My sewentig manne uit die oudstes van Israel bymekaar, van wie jy weet dat hulle oudstes van die volk en sy opsigters is, en bring hulle by die tent van samekoms, dat hulle daar by jou kan staan.

Num 11:17 Dan sal Ek neerdaal en daar met jou spreek; en van die Gees wat op jou is, sal Ek afsonder en op hulle lê; en hulle sal jou help om die las van die volk te dra, sodat jy dit nie alleen hoef te dra nie.

Num 11:18 En aan die volk moet jy sê: Heilig julle teen môre; dan sal julle vleis eet. Want julle het voor die ore van die HERE geween en gesê: Wie sal vir ons vleis gee om te eet? want dit was vir ons goed in Egipte. Daarom sal die HERE vir julle vleis gee, en julle sal eet.

-o0o-

Num 11:19 Julle sal nie een dag of twee dae eet nie, of vyf dae of tien dae of twintig dae nie—

Num 11:20 'n hele maand lank, totdat dit uit julle neus uitkom en julle daarvan walg; omdat julle die HERE wat in julle midde is, verwerp en voor sy aangesig gehuil en gesê het: Waarom het ons tog uit Egipte uitgetrek?

Num 11:21 Toe sê Moses: Ses honderd duisend te voet is die volk onder wie ek verkeer; en U het gesê: Ek sal aan hulle vleis gee, en hulle sal 'n hele maand lank eet!

Num 11:22 Sal daar vir hulle kleinvee en beeste geslag word, sodat daar vir hulle genoeg sal wees? Of sal al die visse van die see vir hulle versamel word, sodat daar vir hulle genoeg is?

Num 11:23 Maar die HERE sê vir Moses: Sou die hand van die HERE te kort wees? Nou sal jy sien of my woord vir jou uitkom of nie.

Num 11:24 Toe het Moses uitgegaan en die woorde van die HERE aan die volk te kenne gegee; en hy het sewentig manne uit die oudstes van die volk bymekaar laat kom en hulle rondom die tent laat staan.

Num 11:25 Daarop het die HERE neergedaal in die wolk en met hom gespreek; en Hy het van die Gees wat op hom was, afgesonder en op die sewentig oudstes gelê. En terwyl die Gees op hulle rus, het hulle geprofeteer; maar daarna nie meer nie.

Num 11:26 Maar twee manne het in die laer agtergebly: die naam van die een was Eldad en die naam van die ander Medad; en die Gees het op hulle gerus—hulle het behoort by die wat opgeskrywe was, hoewel hulle nie na die tent uitgegaan het nie—en hulle het in die laer geprofeteer.

Num 11:27 Toe hardloop 'n seun en vertel dit aan Moses en sê: Eldad en Medad profeteer in die laer.

Num 11:28 En Josua, die seun van Nun, die dienaar van Moses van sy jeug af, antwoord en sê: My heer Moses, belet hulle dit!

Num 11:29 Maar Moses sê vir hom: Ywer jy vir my? Ag, as die hele volk van die HERE maar profete was, dat die HERE sy Gees oor hulle mag gee!

Num 11:30 Daarop het Moses hom in die laer teruggetrek, hy en die oudstes van Israel.

Num 11:31 Toe het 'n wind wat van die HERE kom, uitgevaar en kwartels van die see af oorgedrywe en op die laer gestrooi omtrent 'n dagreis hier en omtrent 'n dagreis daar, rondom die laer; en hulle was omtrent twee el bokant die grond.

Num 11:32 Toe het die volk opgestaan daardie hele dag en die hele nag en die hele volgende dag en die kwartels versamel. Hy wat die minste gehad het, het tien homer versamel. En hulle het dit oral vir hulle uitgesprei rondom die laer.

Num 11:33 Die vleis was nog tussen hulle tande, voordat dit gekou was, toe die toorn van die HERE alreeds teen die volk ontvlam het, en die HERE het onder die volk 'n baie groot slagting teweeggebring.

Num 11:34 Daarom het hulle dié plek genoem Kibrot-Hattáäwa; want daar het hulle die volk begrawe wat so begerig was.

Num 11:35 Van Kibrot-Hattáäwa af het die volk weggetrek na Háserot toe, en hulle het in Háserot gebly.

-o0o-